


Irma Joubert



Leon Bosch



Ryk Hattingh



Bertus Basson



Megan-Geoffrey Prins



Jaargang 3 Uitgawe 4 R8,50

ink

Donderdag 9 Maart 2017

Silwerwenner in Basa se kunsjoernalistiek-toekenning



Kop vir
Kuns
Athi-Patra Ruga

Trotse borg en lid van die

WORD FEE S - FAMILIE

MEDIA 24
Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN WOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bitter mooi lirieke van onder andere
Francois van Coke, Zolani Mahola,
Theuns Jordaan, Elvis Blue en Laurika Rauch.
Die 2017 Sanlam Musiekfees, 3-12 Maart.
www.sanlam.co.za/sponsorships



Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

‘Skryf is ’n verweer teen die verskrikking’

Ryk Hattingh: Huilboek. Skrywersprogram. 7 Maart.

Om ’n formele diskoers oor die skryfkuns met skrywer Ryk Hattingh te hê, is amper nie moontlik nie. Tydens sy gesprek met Antjie Krog vryf hy kort-kort oor sy kortgeskeerde hare en sug oor hoe lank ’n uur kan wees. Hy is aweregs, selfs doelbewus nie-intellektueel, en die humor is droog.

Hattingh is spesiaal hier uit Nieu-Seeland, waar hy deesdae woon, om oor sy jongste boek, *Huilboek*, te kom gesels. Hy was ook verantwoordelik vir die teks van die toneelstuk *Sing jy van bomme*, wat al ’n paar keer as die beste op die fees uitgesonder is.

Hattingh praat soos hy praat. Hy draai nie doekies om nie. Hy sit geen beste voetjie voor nie. Trouens, sy beste voetjie is gekluister tot sokkie en sandaal ná ’n slegte val vroeg in Desember. Hy sug dalk oor die lang uur, maar dit word vinnig een van die eerlikste en vermaaklikste ure wat jy moontlik op die Woordfees kon hê.

Huilboek is sy eerste werk in 19 jaar ná *Witskrif* van 1997, maar hy verskaf geen diep kunstenaarswroeging as verduideliking vir dié lang stilte nie.

“Ek moes ’n nuwe vaardigheid aanleer,” sê hy gewoon. Hattingh is deesdae ’n skoenmaker in sy nuwe tuisland, en hy moes eers die kunssies van ’n ander soort lees onder die knie kry en ’n winkel aan die gang kry. Hy sê hy werk in die dag, en skryf in die nag.

Vir sy vriende en kennisse in Nieu-Seeland was dit ’n heel vreemde gedagte dat hy nou so ver gevlieg word om oor sy boek te kom praat. En só hou Hattingh daarvan, want nou is daar niemand wat hom in boksie druk soos voormalige *Loslyf*-redakteur of *Vrye Weekblad*-joernalis of skrywer nie. Hier is hy net die skoenmaker en gesinsman, en gelukkig so.



Wie is wie se fan? Ryk teken ’n kopie vir Antoinette Kellermann. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



Jana Cilliers se voorlesing het Hattingh in vervoering gehad.

Ná al die jare skryf hy steeds net in Afrikaans. “In my kop kan ek nie in ’n ander taal skryf nie,” sê hy. Hy vertel dat hy steeds elke dag Afrikaans praat. Al sy “duisende” boeke is saam met hom Nieu-See-

land toe en hy lees nog gereeld Afrikaanse gedigte.

“En op Facebook bly ek in kontak met almal. Sonder Facebook was ek in my moer.”

Tydens die gesprek lees Jana

Cilliers passasies uit *Huilboek* voor. “Dis so mooi,” sê Hattingh kort-kort verwonderd. “Ek het dit nog nooit so mooi gehoor nie.”

En hoe dit klink is belangrik. Sy skryfwerk moet vir hom soos musiek loop; ’n toonaard hê.

“Daar is stukke wat ek skryf wat pure blues is. Mens moet dit lees en die musiek hoor. Ek stel nie belang in ’n plot of karakters nie. Ek hou van ’n boek wat ek in die toilet kan lees. Jy moet hom net kan vat en begin lees.”

Hattingh sê hy wil graag deur skryfwerk verlei word, soos Beckett hom kan verlei. Beckett, sê hy, weet hoe om te verlei.

“Die wêreld is eintlik ’n verskrikking, weet jy. Skryf is ’n verweer teen daardie verskrikking.”

Hy het geen behoefte aan mooi skryf nie, dis die rég skryf wat belangrik is. Ná al die jare is die subwerk van die werk nog steeds vir hom belangrik. “Ek het bleddie

hard aan hierdie boek gewerk.”

Die titel daarvan verwys na sy kinderjare.

“Ek was nie ’n baie gelukkige kind nie. Ek het elke dag gehuil. My ma het later ’n boekie agter my kas se deur opgehang en elke keer as ek wou huil, moes ek ’n kruisie in die boek trek. Dan het sy later die kruisies getel. Dit was vir my so ’n vanselfsprekende ding. Ek kan amper nie glo daar was nog nie ’n boek met die titel *Huilboek* nie.”

Huilboek is ’n outobiografiese terugblik op sy moeilike kinderdae en sy latere hervestiging in Nieu-Seeland. En dit is hier in die vreemde, ver weg sy vroeëre lewe, waar hy agtergekom het dat party herinneringe hulle nie laat keer deur ’n paar seemyl nie. Of, soos hy dit in *Huilboek* stel: Daar is nie ’n app wat die verlede ongedaan kan maak nie.

Soos die gedagte aan die tuinier Outa Toon, die “ou Boesman” wat hier lank met hom in sy kop kom praat het.

“Outa Toon was my vriend, en toe eindig was hy net weg. Daardie tyd het niemand kom sê wat van hom geword het nie – daar was geen gerou, geen partytjie nie. Niemand het omgee oor die verlies wat ’n klein seuntjie ervaar het nie.”

In *Huilboek* kry Outa Toon ’n stem, al sê Hattingh hy besef dat hy baie woorde in Outa Toon se mond lê wat hy nooit self sou sê nie. Hattingh sê hy hou sy hele lewe lank al dagboek, maar die idee om skrywer te word, het eers op universiteit by hom opgekom toe hy Camus gelees het.

“Sy *The Outsider* was een van die eerste boeke wat my ooit getref het. Ek het so gelees en gedink, maar ek kan hierdie doen.” Hy het toe nooit weer ophou lees nie.

“Ek gaan nog baie boeke skryf,” sê hy asof hy meld dat die son môre gaan opkom. “Ek het nou besluit ek gaan nog ’n eenmansstuk vir Frank Opperman skryf.”

– Anna-Retha Bouwer



Lekker blog en storievertel ... streektaal ... dinktaal ... droomtaal.
Gaan na *Ons stories* vir unieke gedagtes, mondiaalpoelpret en speelse vertellings.

Wat vertel jy my nou?

www.afrikaans.com/ontspan/ons-stories



AFRIKAANS.COM

Profiel

“Ek het mos nou twee ander shows ook – ek doen vanjaar drie by die fees. Ek’s windgat, nè!”

Só grap Gerrit Schoonhoven toe **Susan Booyens** hom bel oor sy betrokkenheid by protesteater destyds en as regisseur van *Sing jy van bomme* op vanjaar se fees. Hy mag maar spog. Dit is mos darem diep spore wat hy getrap het sedert hy in 1988 as jong regisseur aan die stuur van die baanbrekerstuk *Piekniek by Dinga*an gestaan het.

Wie se idee was dit om **Ryk Hattingh se Sing jy van bomme** weer op te voer?

“Man, ek en Ryk het vriende gebly so met die tyd saam, en omtrent ses maande gelede het ek hom gevra of hy nie vir my ’n nuwe toneelstuk wil skryf nie. Ons het laas *Mynhoop* saam gedoen en dit was vir my so lekker om met die teks te werk, en ek wou hê hy moes vir my iets nuuts skryf. *Huilboek* het toe net verskyn en hy’t vir my gesê hy’t geskrik vir die teater, maar hy’t ’n idee dat *Sing jy van bomme* altyd nog ’n lekker heraanbieding kan wees.

“Ek’s ’n beoordelaar vir die boekkompetisie van Rapport en kykNET en Elmari Rautenbach [sameroeper van die Skrywersprogram] het vir my gesê hulle gaan vir Ryk oorbring, want hy’t nie ’n book launch gehad nie. En toe sien ek daar die gap raak en ek’t vir Saartjie gebel en haar gevra of sy dink ons kan dit weer doen, en sy’t dit binne 12 uur geles en gesê asseblief, sy wil dit doen.

“Maar sy’t toe ’n voorstel: In plaas daarvan om dit nostalgies in 1988 te wil plaas, dat ons dit eerder aanpas dat dit futuristies apokalipties raak, die toekoms van Suid-Afrika, nie die verlede nie.”

En kon jy dit dadelik so sien?

“Ja, dit was in elk geval daai tyd in die toekoms geplaas. Toe ek Ryk vra wat moet verander, was sy antwoord kort en kragtig: ‘Dit is 2020. Jacob Zuma is steeds aan bewind.’

“Aan die begin is daar klomp koerantopskrifte wat geles word, en ons het dit verander dat dit aanpas by ’n toekomstige wêreld, soos ‘Climate change to be blamed for refugee crisis’ – daar’s Afrikaans en Engels, want sy lees dit op die internet. Ons praat nie van die ‘grens’ nie, ons praat van die ‘front’, maar ek het niks verander van die res van die toneelstuk nie, want hy bly waar en mooi en poëties.

“Dis wat ek dink die waarde van hierdie produksie is: Ryk het half ’n poëtiese taalgebruik en dis ’n woordfees hierdie, so die woord is die beautifulste ding in *Sing jy van bomme*, ek dink dis daarom ’n lekker keuse. Die feit dat dit in die toekoms geplaas is, maak dit net baie meer onmiddellik.”

Die titel bly briljant, met sy verwysing na die liedjie “Sing jy van blomme”?

“Dit is so, en daar’s orals sulke ou Afrikaanse goetertjies soos ‘Siembamba’ en ‘O, Boereplaas’ wat gefluit word as deel van ’n kode van die bomme wat gekoop word. Die musiek aan die einde is destyds deur Marcel van Heerden en Koos gekomponeer vir die stuk, en hulle het vir my die reg gegee om hul ander musiek te gebruik, so die musiek het half ’n belangrike onderdeel geraak van die stuk.

“Dit is nogal wonderlik om te dink wie in die eerste aanbieding



Gerrit Schoonhoven, regisseur van *Sing jy van bomme*, op stel. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Jeugkreet wat sing en dans

was, want dis Anna-Mart van der Merwe, Gys de Villiers, Tertius Meintjes, André Odendaal en Anette Engelbrecht...”

Het jy destyds Lucille Gillwald se opvoering gesien?

“Ja, ek het dit gesien, ek was by Sukovs en ons almal het deurgery een naweek om dit te gaan kyk. Dit was een van die treffendste goed wat ek in my lewe gesien het. So dis vir my lekker om weer terug te gaan, alhoewel ek dink dié interpretasie is baie anders.

“Haar produksie was vir daai tyd ’n ongelooflike ontwikkeling: Sy’t die eerste keer saam met Truk gewerk, omdat sy altyd nie die government-goeters ondersteun het nie, maar sy’t besluit ’n mens kan van binne af verander. Ek dink dit het daai tyd ’n groot impak op baie mense gehad, want mense

sal nou nog vir my sê hulle kan onthou wat Anna-Mart gesê het, en hulle sê vir my die woorde!”

Hoe onthou jy die protesteater van daardie tyd?

“Ses maande nadat ek klaargemaak het met my nasionale diensplig het ons *Somewhere on the Border* gedoen, die klomp ouens wat saam met my was by Sukovs, so daar was direkte aanklank by wat met my gebeur het, en al daai mense was in die weermag gewees. En *Piekniek by Dinga*an, wat ook dieselfde tyd was, het mense getref op ’n plek – mense het hul pa’s en ma’s en liefies gebring na *Somewhere on the Bor-*

der, en vir hulle gesê: ‘Dis wat ek nie vir julle kan verduidelik nie.’

“By *Piekniek* het mense gesê hierdie goed wat André Letoit en Ralph Rabie oor sing, is goeters waaroor ons in woonstelle met mekaar praat, en die feit dat dit uitgesing kan word, het mense saam met dit laat dans, jy weet. Dis so lekker om te dink daar was ’n tydperk dat teater iets beteken het vir mense meer as net iets wat jy op die verhoog sien, en ek dink die tyd het aangebreek om dit weer te doen, want protes is noodsaaklik waar ons vandag lewe, want teater kan goeters sê wat koerante of ander media nie kan sê nie.

“So, ek dink protesteater is vandag nét so belangrik. As ek sien hoe mense rassisme soos bomme rondgooi... Gister toe ek vlieg, sien ek die koerant se voorblad, en dis brandende goeters in die strate

van Pretoria. Dis staggering, en dis die begin van ’n ding wat net sleg kan uitdraai. En daar’s wêreldwyd ’n regse swaai, dit voel so, en daar’s populisme en verdraaide nasionalisme, en ek dink mense praat al klaar van ’n Derde Wêreldoorlog asof ons daarin is.”

Watter advies het jy vir die span agter die nuwe Piekniek by Dingaan gegee?

“Man, kyk, kabaret is ’n ding wat jy nie byna 30 jaar later weer kan doen nie, dit is bedoel vir ’n spesifieke tydperk – ek is seker daar’s miskien goeters wat raakpunte is, maar ek dink dit is baie interessanter as mense hul eie goed skep.

“En om jou die waarheid te sê, as jy kyk na *Piekniek by Dinga*an was dit Nataniël wat die musical directing gedoen het, wat akteurs leer sing het, Marthinus was daarin, Marthinus Basson, sy satire is fantasties, Marion Holm, en dan natuurlik Johannes Kerkorrel self.

“Ons het klomp goed tussenin gemaak wat ons uit koerante van daai oomblik gekry het, so ek sien baie uit om te sien hoe mense dit herinterpreteer of hul eie ding maak daarvan vandag. Dis wat mens moet doen.”

Wat was die les van Piekniek?

“Dit het gesê dat daar Afrikaanse mense is wat anders dink, en veral jonger mense – en dis ook van *Bomme* die waarheid – dit gaan oor ’n kreet van die jeug, van jonger mense, en dit het gesê dat ons al hierdie ou reëls nie wil aanvaar nie, dat ons as Suid-Afrikans saam met almal in hierdie land wil lewe, en ons wil nie hierdie ou apartheidgoete hê nie. En ons het gesing en gedans, en ons het dit met musiek gedoen, eerder as net met woorde.”

Wat het dit vir jou loopbaan beteken?

“Man, ek dink ek het agtergekom die krag van om iets werklikwaar te sê wat die moeite werd is, maar om dit nog steeds op ’n artistieke manier te doen, want ek dink dis wat gebeur met protesteater, partykeer raak dit vir mense belangriker wát hulle sê as hoe hulle dit sê. En dit moet ’n kombinasie van die twee wees, want dit moet kuns bly, dit kan nie net ’n koerantartikel wees nie. Ek het ’n waardevolle les geleer dat as jy iets het om te sê, is dit kragtig, en as jy dit op ’n artistieke manier sê, dan het dit soveel meer waarde. Dit het my vir die res van my lewe krag gegee om goeters te doen, daai ding. Dit was regtig ’n goeie ervaring.”

* Gerrit was ook die regisseur van *’n Geworry* met Elize Cawood en Wilson Dunster en *Hond* met Frank Opperman.

’n Geworry. Toneel. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 18:00.

Piekniek by Mpande née Dinga. Teatergesprekke. Bloekomhoek. Vandag om 15:30.

Gerrit agter die skerms by Frank Opperman, wat die rol van die Kolonel in *Sing jy van bomme* vertolk.



Dan skryf ek self, sê die laaitie

Willem Fransman 60. Skrywersfees. 33 Dine @ The Private Hotel School. 7 Maart.

Willem Fransman swaai 'n ou, vergeelde boekie deur die lug. *Van Golgotha tot Hemelvaart*. Voorin is 'n datum-inskrywing: 22/6/1965. Dis 'n boekie wat 'n juffrou seuntyd vir hom gegee het. Sy ma, 'n ongeletterde vrou, het die boekie al die jare vir hom bewaar.

Dit, kortweg, is waar sy liefde vir lees – en vandag skryf – vandaan kom. Van 'n ongeletterde vrou en 'n baie dun boekie.

Dit het hom leer lees, maar ook leer teken, want hy het keer op keer die voorblad van die boek nageteken.

Dinsdag staan die seuntjie wat nou eggenote, pa, oupa, skrywer en digter, onderwyser is, by die restaurant 33 Dine @ The Private Hotel School in Stellenbosch as deel van die Woordfees, en hy gooi 'n stuk van Adam Small, uit *Krismis van Map Jacobs*, net so, uit die kop uit.

Map, wie se bynaam kom van al die tatoeëermerke op sy lyf, toe sê die mense dit lyk soos 'n pad-kaart. Wie in die tronk was maar nou uitkom op parool, maar die gemeenskap worry, want hy het 'n man doodgemaak, en hy was altyd die leier van sy klein bende.

Map, wie moet leer om die regte dinge te sê om die gemeenskap aan sy kant te kry, maar ook uitfigure op die ou end is die waarheid net tussen hom en God.

Willem Fransman praat die taal wat uit die monde van bruin mense in die Kaap peul. Dit het ritme, dit het drama (want soos die komediant Trevor Noah graag vertel, elke storie kom met toepaslike byklanke). Dit is stories met stertjies to spice things up.

En dit het hartseer, triomf, die harde werklikheid. O ja, en baie, baie opgemaakte woorde, nuut-skeppinge.

Op 'n dag besluit dié klong



Andrew Koopman, gesprekkeleier, en 'n begeesterde Willem Fransman. FOTO: NATALIE GABRIELS

van Worcester, wat in die Kaap grootgeword het, hier's mos iets te sê vir sy mense se Afrikaans, veral toe hy die werke van die digters en vlymskerp sosiale kommentators soos Adam Small en Peter Snyders begin lees.

Die pennie het gedrop. Hy wat Willem Fransman is, kon dieselfde doen, want waar anders sou hy en mense wat soos hy klink en praat, gehoor word?

Hy haal Susan Sontag aan: "n Skrywer is eintlik 'n woedende leser. Hulle lees nie dat oor hulle mense en kwessies geskryf word nie, dan raak hulle só kwaad dat hulle sê: 'Dan skryf ek self iets.'"

Fransman is nou al baie jare betrokke by die Woorde Open Wêreld (WOW)-projek by die Universiteit Stellenbosch.

Dit was eintlik maar 'n voortsetting van sy ander projek om kinders op skool bekend te stel aan gedigte en die letterkunde.

"WOW was toe nog in sy ba-

baskoentjies by die Woordfees. Jare daarna het die projek die Neville Alexander-prys ontvang, en daai dag toe sê ek net: 'Dankie Here, die baba het nou grootgeword!'

"Ons kinders moet die blootstelling kry, ons moet hulle wys waartoe hulle als in staat is."

Dis immers soos Small en Snyders die pad vir hóm verlig het. En toe kom NP van Wyk Louw met *Dias*. "Dis my Bybel," se Fransman.

Maar hy hop gou vinnig na die digter Toon van den Heever, en sy gedig *In die Hoëveld*.

"Ek het baie dié gedig gelees, en dit was vir my mooi, maar tog kon ek dit nie vóél hier binne my nie. Toe dink ek: Wat sal gebeur as ek dié gedig in die Kaap sit."

En toe werk dit só uit: "Oppie Cape Flats" (met apologie aan Toon van den Heever)

Oppie Cape Flats waar dit crowded is en dji skaars die hiemel boe kan sien

Waa snotnies laaities haastig oor

biesage strate virrie karre moet saaistep

Waar die girlies nog moet rollers innie hare innie strate loop ...

Waar 'n mens glattie lekkie asem kan kry nie oorrie dagga fumes innie lug ... en God van djou vegiet het!

Daa het ek opgegroe, my broe En as ek innie propvol tronk sit en kopvriet oo' my crimes, dan droem ek vannie nice time:

vannie lekkie disco's ... ennie day-light robberies ... ennie nice times moet Myra vannie Kriegat!

Oppie Cape Flats, waar dit crowded is en dji glattie vër kan sien oorrie baie shacks

(Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)

Daa wag my mense nog vir my, wag al vi siewe djaar!

Ma as die ve'lange na my family sték wod en ek hoo die guard se slietels raas,

Dan wish ek soe ek was by my laaitie om hom te warn tien 'n

liewe soes myne!

Dan soek ek in my mind al die tye op waa ek skiefgetrap het asse laaitie.

Willem Fransman trap nie skeef nie. Maar hy trap deure oop vir sy mense, en hy doen dit met woorde.

"Ek skryf baie radiodramas, maar ek hou ook van perform," lag hy vir sy bekennis. Hy was in 1997 die eerste wenner van Radio-sondergrense (RSG) en Sanlam se Radiodrama-skryfkompetisie, met *Om te bedel is 'n kuns*.

Lank en jeugdig in sy 60 lewensjare staan hy Dinsdag daar. Die gesprekkeleiers Andrew Koopman, hoofredakteur van *Son en Son op Sondag*, en Jeneen Wallow van die WOW-projek, vra oor sy ander groot liefde – hy is 'n ywerige provinsiale pad- en baanatleet wat onlangs WP-erleure ontvang het.

"Nou daaroor... ja. Eintlik is ek 'n vinnige stapper – daai mense wat hulle heupies so swaai. Ek loop baie keer onder die drawwers uit!"

Dié sport help met sy dink-proses.

"Van Wyk Louw het altyd sy gedagtes agterop vuurhoutjie-boksies geskryf. Dan as hy by die huis kom, het sy vrou dit gevat en georganise."

"So, het ek weer altyd 'n boekie en potlood as ek gaan stap, en as 'n gedagte by my opkom, skryf ek dit vinnig neer."

Dié skrywer, woordkunstenaar en letterkundige is 'n stigterslid van die Afrikaanse Skrywersvereniging en onlangs vir 'n tweede termyn as 'n lid van die Wes-Kaapse Taalkomitee aangewys.

"Hoe wil hy eendag onthou word," vra Koopman.

"Die laaitie van die scheme wat dit amper gemaak het," antwoord hy sonder aarseling.

En die amper is net oor een ding: Hy wil nog 'n "volbloed, Kaapse Vlakke-roman skryf".

Maar selfs dan sal hy waarskynlik sê: "Fluit-fluit, my storie is nog lank nie uit." – **Jo-Ann Floris**

ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV BOEKE OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die US Woordfees.

Vanjaar by die US Woordfees!
Die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek word voortgesit met die bekendstelling van Filmverse 2 - 'n visuele bloemlesing van 12 gedigte. Daaglik van 09:00 tot 17:00 in die US Museum-lesinglokaal. Gratis. DVD beskikbaar by die ATKV-Boeke-oase.

KOM PRAAT SAAM EN WORD WYS:
11 MAART om 10:30, BIBSAAL, Gratis!
Jongmense kom vertel die vorige geslag waar hulle Afrikaans oor 20 jaar graag sal wil sien. Met Albie Sachs en Saartjie Botha as gespreksleiers.

MÔRE, 10 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

09:00	DEON MEYER EN KARIN BRYNARD: VAN FEITE TOT PAPIER
10:30	KARINA SZCZUREK: THE LIFE AND TIMES OF THE FINAL MRS BRINK
14:00	HERMANN GILIOME: HISTORIKUS, 'N AUTOBIOGRAFIE
15:30	PETER VELDSMAN: WAT DIE HART VAN VOL IS
18:00	BUN BOOYENS EN ALDI SCHOEMAN: DIE BURGER 100 – SY MENSE EN HUL STORIES

#ONTDEKAFRIKAANS

Kom maak 'n draai by ons stalletjie in Die Plataan by die ATKV-Boektent. Word 'n ATKV-lid en staan 'n kans om 'n luukse Slanghoek Villa-naweekwegbreek van ATKV-Goudini Spa* of 'n geskenkpak te wen!
*Bepalings en voorwaardes geld.

@ATKUSA

ATKUSA

www.atkv.org.za

Profiel

Feeskunstenaar. Visuele Kuns. US Museum. Nog tot 12 Maart. 09:00 tot 18:00.

Athi-Patra Ruga is 'n jong kunstenaar wat gehore laat regopsit en notisie neem. Maar wat is daardie gesegde van 'n profeet in sy eie land? Ruga het met sy hoë hakke reeds diep spore in wêreldkuns getrap. Maar wie is hy en wat doen hy?

“Ek is 'n vertoonkunstenaar (performance artist). My vertonings moet altyd na verskillende gehore reis, na verskillende ruimtes en verskillende omstandighede,” verduidelik Ruga.

By die uitstalling in die US Museum verduidelik hy dit só: “Sedert die begin van my vertonings het ek nog altyd rolspel gebruik as 'n manier om identiteite aan te neem wat kwessies weer-spieël wat deur die politieke en sosiale status quo onderspeel word. Op 'n manier blyk dit makliker vir my te wees om dié sake aan te spreek vermom as 'n avatar eerder as in my civvies. Miskien is dit 'n manier van selfbehoud.”

Ruga gesels met entoesiasme, goed geartikuleerd, effe speels, maar ernstig – soos sy werk.

“Ek sien uit na die katalogus van video-opnames van my vertonings wat ek al gedoen het, want dit sal seker die eerste keer wees wat die gehoor dit sien en kan sin maak van a) wat is vertoonkuns en b) wat Athi-Patra Ruga met sy karakters opvoer. Ek het dit gedupliseer in fotografie en in tapisserieë. Dit is 'n manier om my vertonings en fantasieë te dokumenteer.”

Ruga is in die Transkei gebore, het in Ciskei grootgeword en het tussen Ciskei en die RSA gereis om skool te gaan.

“So, daar was 'n verskeidenheid kulturele invloede van al hierdie beweging. En ek kan onthou dat ek altyd die behoefte gehad het om my familie se mitologieë te dokumenteer. Want elke gesin het stories vol simbole,” vertel hy van sy begindae.

“En ook die land se geskiedenis. Ek kan sê die 32 jaar van my lewe, en die laaste 13 jaar van my optrede as kunstenaar, is soort van 'n dokumentasie van hoe ek probeer sin maak van a) om 'n Suid-Afrikaner te wees, b) om swart te wees en c) om gay te wees. En ook om sin te maak van die teenstrydighede van die Grondwet. Maar ook wat dit beteken om my eie plek in die land te vind met al hierdie identiteite wat mense óf verlei, óf verstoot.

“So, my kuns is basies 'n manier om sin te maak van al hierdie dinge.”

In sy werk speel Ruga met mitologie en veral met die mens se idees van 'n fantasiewêreld – ons Utopia. En in die Suid-Afrikaanse konteks, Azania.

“Deur hierdie poging om sin te maak van die wêreld en die teenstrydighede, het ek agtergekom ek is redelik getraumatiseer deur wanneer goedheid my verrai, of hoe die regering werk of hoe mense teenoor mekaar optree.

“Solank as wat ek kan onthou het ek gesien hoe mense die idee van 'n Utopia najaag. Maar dit wil



Night of the Long Knives IV.



Athi-Patra Ruga 'My liggaam as verfkwas'



“

Ek wil regtig gesprekke voer oor alle grense heen. Ek dink dit is die gees van ons tyd. When borders rise up, we bring them down.

dat vroulikheid geskep is deur die patriargie. En vir my, en in die drag-tradisie, is ons mal daarvoor om daarmee te spot. Nie met vroue nie. Maar met die feit dat dit mans

is wat die standaard van vroulikheid skep.

“So, dis die een kant. Aan die ander kant wou ek met my elders praat. Ek het grootgeword met die woord Azania wat baie genoem is. Daar was 'n klomp mense om my wat polities aktief was. Dit was altyd 'n beeld wat ek nie kon definieer nie. Later in my lewe het ek begin navorsing doen, maar die navorsing is gedoen in 'n omgewing waar polisie kinders skiet wat vra vir toegang tot hoër onderwys. Die miniskirt-aanvalle... xenofobiese aanvalle.

“Dit is die waansin waarbinne

die behoefte aan 'n Utopia ontstaan. 'n Utopia wat mense bemoedig. Want vir my is kuns nie daar om te vervreem nie.

“Ek wil regtig 'n intieme verhouding met my gehoor hê. Ek wil hê hulle moet veilig voel. Ek en my karakters wat daar bestaan, moet die gehoor vertroos.

“Ek wil gesprekke voer oor alle grense heen. Ek dink dit is die gees van ons tyd. When borders rise up, we bring them down.”

Vertoonkuns is so kragtig en tog is dit relatief onbekend.

“Mense is grootgemaak om skaam te wees vir hul liggaam. Vir my is daar 'n dringendheid in die lug. Vertoonkuns reg oor die wêreld word gebore uit tye van dringendheid. Dit is dieselfde in Suid-Afrika op die oomblik. Dit is vertoonkuns wat die jonger gehore en kunstenaars aangryp. Kyk na hul lywe. Hulle word deur die polisie geskiet. Hulle neem deel aan optogte. Hulle tree op. They are performing. Hulle leef in tye waar mense hulle laat voel hul liggamme het geen waarde nie. Deur vrouehaat, deur die ekonomie, deur homofobie, deur vernedering.

“Die liggaam word weer die gevegsfront.

“'n Belangrike aspek van my vertonings is altyd ek wat 'n optog of 'n prosesie lei. Jy sal ook in my tapisserieë karakters in prosesie sien. Toe ek grootgeword het, het jy die heeldyd mense in prosesies gesien, mense wat betoog. Dis so 'n kragtige demokratiese manier hoe mense hul liggamme as kollektiewe mag gebruik om met dié in gesag te praat. Daar is iets so demokraties en idealisties om ons lywe te gebruik om te kommunikeer. Maar daar is nog so baie wat gedoen moet word. Ons is mal daarvoor om na naakte vroue in galerye te kyk, maar ons kan dit nie vat om 'n naakte vrou te sien wat haar kind borsvoed nie. So, vir my is die liggaam werklik polities. Dit help my om sin te maak van die wêreld.

“Ek probeer om fisiek altyd iets anders te doen. Op die oomblik is ek besig om moderne danse te leer. Jy moet jou liggaam ken, jou perke, wat jy in jou liggaam sit, jy moet dit ken. Dit is jou medium. Dit is soos 'n verfkwas. My liggaam is 'n verfkwas.”

Die eerste werk wat ek van Ruga gesien het, is 'n ballonfiguur. Twee bene, in visnetkouse met rooi hoë hakke, steek onder 'n koddige ballonlyf uit. 'n Gesiglose ballonfiguur wat tussen mense rondloop of op 'n zebra sit.

“Die ballonne is met verfwater gevul. Dit is soos 'n identiteit wat jou afrem. En die proses van die optrede is om die identiteit te bars sodat jy kan ligter raak – om van die historiese bagasie en van die las om mense tevrede te stel, ontslae te raak. Die verf in die water raak 'n graffiti wanneer ek in die openbaar optree. Die optrede is net vir 'n kort tydjie, maar ná die tyd sien jy die spoor. Mense kan sien hier is iemand verby.”

En net so flietend loop hy met sy hoë hakke verby. Sy werk gegriffiti teen die geheue-mure van die kyker. – **Marchelle van Zyl**


“*Misverstand* is klassieke Marita van der Vyver:
’n boeiende verhaal met heerlike,
eg-menslike karakters met wie mens
jou kan vereenselwig!”

PHYLLIS GREEN, SARIE

MISVERSTAND



Marita van der Vyver



“*Misverstand* is ’n heerlike
tuimeltrein-rit van vars
karakters, ’n enigmatiese
verhaallyn en uitstekende
vakmanskap.”

RONEL NEL, ROOI ROSE

Also available in English as
YOU LOST ME



NOU BESKIKBAAR



Penguin
Random House
South Africa

Profiel

Irma Joubert. Woord en Wyn. Middelvlei. 7 Maart. Irma Joubert vier 70. Oude Werf-hotel. Gister.

Ek moes iets dóén – ek was ’n slegte huisvrou, ek kon nie regtig kook nie en my plante het gevrek. Toe begin ek maar skryf.”

Irma Joubert het ná 35 jaar as Afrikaans- en geskiedenisonderwyseres die pen opgeneem “as ’n aftreejoppie” en sedertdien het haar historiese liefdesromans een vir een die pryse ingepalm.

Pontenilo is onder meer as een van die 20 beste Afrikaanse boeke ná 1994 aangewys, en haar jongste roman, *Immer Wes*, het onlangs Nielsen se top 5-verkoperslys in Suid-Afrika gehaal. Sy is egter baie beskeie oor haar sukses en sy sê “om eerlik te wees – dis net met die genade van die Liewe Vader”.

Voor die 12 gaste op 7 Maart begin weglê het aan Middelvlei se Woord en Wyn-aansitete, het Joubert gevra dat haar seun Michael, ’n perlemoennavorser van Hermanus, eers ’n tafelgebed doen.

So tussendeur dié wynplaas se alikreukelrisotto, Boerebraai en peppermint crisp-blikbekertjies, het die skrywer vertel sy is van Bloemfontein, “maar éintlik van die Bosveld”. Hulle het ook 40 jaar in Durban gewoon.

By die Oude Werf-hotel se high tea-geleentheid op 8 Maart het sy gesê: “Ek het dae soos hierdie broodnodig, want jy gaan van ’n besige lewe waar jy heeldag met mense te doen het, na stokalleen voor jou rekenaar. Aan die begin was dit vir my geweldig eensaam, maar my man is ook darem nou afgetree en hy is baie rustig, so hy staan darem nie tussen my en my skryfwerk nie.”

Al die ure agter die skerm het duidelik vrugte afgewerp, aangesien haar boeke ook in vier tale vertaal is.

“In 2011 het Lapa-uitgewers na die London Book Fair en die Frankfurt Book Fair gegaan, waar hulle ten duurste ’n stalletjie gehuur het.”

Iemand van ’n Nederlandse uitgewery het *Tussen Stasies* opgetel en het besluit om dit te vertaal en uit te gee.

“Ons het haar toe sommer as my Europese agent aangestel.”

Daarna het die boek in Duitsland en Amerika as *The Girl From The Train* verskyn, en binnekort sal dit ook op Noorweegse rakke beskikbaar wees.

“Met die vertaling van *Immer Wes*, wat in Duitsland en Namibië afspeel, wou die Nederlandse vertalers hoor of hulle maar die dele oor die Eerste Wêreldoorlog kon weglaat, omdat hulle niks daarmee te doen gehad het nie. Die Duitsers het weer gesê: ‘Die dele oor die Eerste Wêreldoorlog is só interessant – wil jy nie maar uitbrei nie?’”

Die Duitse weergawe van *Tussen Stasies* is byvoorbeeld ook baie dikker as die Amerikaanse weergawe omdat Duitsers baie meer in Poolse geskiedenis belangstel.

Om te sit en skryf is vir Jou-



Irma Joubert se 70ste verjaarsdag is gister op Stellenbosch gevier. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

‘Lees en skryf is ontvlugting’




bert die maklike deel.

“Die navorsing neem lank, maar dit is die lekkerste deel.”

Sy probeer om al die plekke te besoek waaroor sy skryf.

“Dit is natuurlik ook ’n lekker verskoning om te reis!”

Sy het in 2012 reeds begin met die navorsing vir die boek waaraan sy nou skryf.



Dié naamlose boek is ’n opvolg van *Immer Wes*. Dit speel in dieselfde tyd as die eerste boek af, maar hierdie keer in ’n bos in Nederland – in ’n verskuilde ondergrondse dorp.

“Ek was daar en ek het gesien hier wag ’n storie; hiër het ’n kind gewoon. Ek het my ingedink as my kleinkinders daar moes woon



– hoe hou jy hulle stil? Hulle was tussen tien en twaalf mense in ’n hut gedruk. Jy kon nie bedags vuurmaak nie; jy kon nie uie braai nie.”

Sy skryf eerstens vir ’n Afrikaanse gehoor en maak dus seker dat haar lesers by ’n storie sal aanklank vind.

“Iemand het vir my tydens ’n

boektoer in Nederland die slagveld by Oosterbeek gaan wys, waar ek op die grafte van Suid-Afrikaanse vlieëniers en valskermspringers afgekom het.”

Só kon sy dus die storielyn na Suid-Afrika terugtrek.

“My oupa was oorspronklik van Nederland – sy van was Moerdijk. My oma was weer van Pruise en dit word natuurlik glad nie so goed ontvang in Nederland as jy sê jy het Duitse bloed nie. Dit is ongelooflik om te dink hierdie mense lyk en praat dieselfde, hul kultuur en hul fyngebak is dieselfde – hoe kan hulle dan so baie verskil? En toe het ek besef: Of dit nou ’n Geallieerde bom oor Dresden, of ’n Duitse bom oor Rotterdam was – die invloed van hierdie oorlog op weerlose mense was presies dieselfde.

“Geskiedenis is ‘his story’, soos die Engelse sê. Dis régte stories – nie sommer net uitgedink nie. Al wat fiktief is, is die karakters.”

Joubert se uitgewer moet net waggooi as sy te veel geskiedenis wil inwerk.

“Dis dan só interessant,” lag sy.

Haar gunstelingskrywers is Elsa Joubert – “nie net oor ons ’n van deel nie” – en Dalene Matthee. Haar grootste invloed is egter “die verbeelding wat die Liewe Vader vir my gegee het”.

Haar eie gunstelingboek uit hierdie verbeelding is *Verbode Drif*. “Izak Katz is net die wonderlikste man oor wie ek nog ooit geskryf het, en nie een van my karakters daarna kon hom nog ewenaar nie.”

Sy lees nie kontemporêre boeke nie, “want lees en skryf is my ontvlugting”.

As pensionaris het Joubert nie ’n vaste skryfplek of -roetine nie en haar skootrekenaar gaan oral saam. Wanneer sy begin skryf, weet sy reeds hoe dit gaan eindig.

“Ek is nie so kreatief dat die storie my lei nie. Geordenheid kom seker maar uit my onderwysdae. My wiskunde is nie so goed nie, so ek werk op 120 000 woorde met 12 hoofstukke van 10 000 woorde elk. Tipies Afrikaanse onderwyseres, begin ek met die bekendstelling en motoriese moment, verwikkeling, ontknoping, verwikkeling, ontknoping en so gaan dit aan. Dan werk ek van agter af terug: Die laaste hoofstuk is die oplossing, die tweede laaste die klimaks en die hoofstuk voor dit die krisis.”

Sy geniet dit om trilogieë te skryf. “Om die karakters ná een boek te laat gaan, voel ’n bietjie soos ’n antiklimaks. Maar ná ses jaar voel dit soos jou kinders wat vir die universiteitsvakansie by die huis was – hulle kan nou maar hul ry kry,” skerts sy.

Oorsee word haar werk as Christelike literatuur bemark.

“Kyk, ek kan nie baie goed vloek nie,” lag sy.

“Dit is nie dat ek probeer om ’n Christelike boek te skryf nie, maar as mense dit dan as Christelik sien, is dit vir my wonderlik. Ek is ’n diep gelowige, so dit is deel van my menswees.”

– **Lynné Schoeman**

Miles se nuwe roman is g'n 'selfie'

John Miles: Op 'n dag 'n hond. Skrywersfees. 7 Maart.

Tussen John Miles se nuwe roman, *Op 'n dag 'n hond*, en sy vorige boek, *Voetstoots* van 2009, het 'n paar jaar verloop, maar hy was geensins ledig nie.

"Ek is baie belangstellend en lees die heeltyd. Ek maak altyd aantekeninge."

En dan, sê die skrywer in sy gesprek met Thys Human, dan eendag neem die stapel aantekeninge vorm aan as roman.

Die roman bly maar altyd sy eerste liefde omdat 'n mens so baie daarmee kan toor. En vir 'n groot deel van die skryfproses bly die boek sonder finale titel.

"Jy gee hom 'n naam," sê Miles, "maar dit bly spook by jou, want jy weet dit is nie die finale titel nie."

Hy stem saam dat die finale titel van sy nuutste boek beskryf kan word as gewoon, maar ook uiters buitengewoon.

Iets wat egter nooit 'n naam kry nie, is die hoofkarakter van *Op 'n dag 'n hond*. Ons leer die hoofkarakter net ken as 'n oudonderwyser wat weer begin skoolhou.

Miles, self 'n oudleerkrag, sê daar is vanselfsprekend ooreenkomste tussen hom en die onderwyser.

"Maar dis nie 'n selfie nie. Hy is baie onderwysers. In sy naamloosheid lê algemeenheid. As die skrywer rig ek en stuur ek hom."

In die roman word die onderwyser oorreed om ná die wrede moord op sy vrou weer te gaan



Miles lees voor uit *Op 'n dag 'n hond*. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

klasgee. Dan verskyn 'n hond in sy klaskamer, en sy lewe neem 'n nuwe wending.

Miles sê ook hierdie gegewe is anekdoties, want in die 1970's het sy vrou self skoolgehou toe 'n hond eendag onder haar tafel kom lê het en op die ou einde saam met haar huis toe is.

In *Op 'n dag 'n hond* is dit hierdie soort toeval wat sentraal staan, want hoekom sou die hond juis haar (of dan die hoofkarakter) se klaskamer kies? Miles sê daar is deurgaans 'n soort spanning tussen die toeval (dit waaraan die mens niks kan doen nie) en dit waaraan hy wel iets kan doen.

"Die mens kan byvoorbeeld nie kies om gebore te word nie, maar dit neem nie al sy verantwoorde-likheid weg nie."

In teenstelling met die hoofkarakter kry die hond wel 'n naam – Bluf. "Een van my grappies wat geslaag het," sê Miles oor die woordspeling tussen die Engelse bluff wat soos "blaf" klink, maar wat die hond nie verstaan nie omdat hy Afrikaans is. Sy naam is Bluf.

In die roman word die hond

die simbool van baie dinge en die hond speel deurgaans 'n sterk simboliese rol.

"Daar is verskillende hond-beskouings," sê Miles. "Die hond is op een vlak 'n medereisiger, maar daar is ook die Egiptiese beeld van die hond wat die moraliteit van die mens weeg en sy dade beoordeel."

In dié beeld weeg die hond die hart van die mens aan die een kant van die weegskaal met 'n veer aan die ander kant. Slegs wanneer die hart ligter as die veer is, kan die mens toegelaat word tot die hiernamaals.

Op die vraag of hy die tegnologie omarm in sy navorsing, sê Miles dat hy "hibridies" werk – basies met 'n woordeboek aan die een kant en Google aan die ander.

Oor die tegnologie sê hy daar is deesdae toegang tot alles.

"Maar as onderwyser betreur ek tog wel soms die wins aan kennis teenoor die gebrek aan kennis.

"Google het oupa en ouma kom vervang. 'n Mens sien dit ook in die swart kulture waar die sterk orale tradisies aan die uitsterf is. Daardie band tussen geslagte is gebreek." – Anna-Retha Bouwer

Tegnologie kan studie só verryk

Kunsmatige intelligensie, onderwys en die toekoms van werk. Diskoers. Die Plataan. Gister.

Dis onafwendbaar: Kunsmatige intelligensie gaan oor tien jaar mense hul werk kos.

Dit géé egter ook – in die vorm van eindelose geleenthede vir ekonomiese groei, het Pieter Geldenhuys, toekomskundige van die Noordwes-Universiteit en direkteur van die Instituut vir Tegnologiese Strategie en Innovasie, gesê.

Hy het saam met Rachel Jafta, professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, as deel van die RSG-program *Praat saam* deelgeneem aan 'n bespreking oor die impak van kunsmatige intelligensie (KI) op mense se lewe, en hoe dit studente se studierigtings kan beïnvloed.

KI is, letterlik, die intelligensie wat 'n masjien of sagteware toon of toepas en 'n spieëlbeeld van menslike intelligensie. Mense moenie KI vrees nie, het Jafta en Geldenhuys gerusgestel.

"Natuurlik gaan daar baie onsekerheid wees, maar as 'n mens kyk na die eindelose voordele wat dit inhou in die velde van gesondheid, opvoeding, finansiële dienste – dis baie opwindend. Dit gaan geleenthede en toegang bied aan mense wat dit nooit voorheen gehad het nie.

"Ek dink hier aan kinders sonder laboratoriums of wiskunde-onderwysers. Met 'n program kan almal nou leer."

Sy sê die vierde nywerheids-omwenteling verskil van die vorige, juis oor die spoed en aanvraag na tegnologie.

Ontwikkelaars en ingenieurs

is dan ook die beroepe wat in die toekoms uiters gesog gaan wees.

Die tegnologie bied ongelooflike inligting en toegang tot data en die toepassing daarvan skep weer eindelose geleenthede.

"Hoe bekommerd moet ons wees?" wou die gesprekleier Heindrich Wyngaard weet.

"Daar is nie meer gemaksones nie. Maar die positiewe kant is dat met al die toegang tot data maatskappye byvoorbeeld 'n baie beter diens kan lewer. In die media sal hulle hul lesers beter kan verstaan, regtig weet wat hul behoeftes is," sê Jafta.

Universiteite en tersiêre instellings sal móét byhou by die veranderinge, want 'n tradisionele vierjaarkursus gaan nie meer genoeg wees om 'n student voor te berei vir 'n loopbaan nie.

"Iets wat altyd 'n steurnis was in die klas – selfone en tablette – is nou hulpmiddels om studente te leer. Ons instellings moet herdink en aanpas."

Geldenhuys sê met die hoeveelheid gratis programme en toegang tot aanlynkursusse – ook dikwels gratis – gaan mense toenemend begin kyk na dié alternatiewe.

"'n Goeie voorbeeld is 'n boer in Japan wat komkommers verbou het en dit was baie arbeidsintensief vir hom en sy gesin om die komkommers korrek te klasifiseer," het Geldenhuys vertel.

Met behulp van die gratis sagtewareprogram TensorFlow kon hy die "masjien" die dinkwerk laat doen deur die produk te skandeer en klassifiseer.

"'n Mens moet dit nie sien as óf die een óf die ander nie. Die goed moet aanvullend wees." – Jo-Ann Floris

WISH

GISTER SE DRAADLOOS

VANDAG SE DRAADLOOS

Gesels met die kenners, en word WYS!

Ons bestuur WiFi-netwerke namens kliënte landwyd.

Verkoop data, maak wins en beperk onkoste en misbruik.

Jou netwerk, jou handelsmerk, ons stelsels en kennis.

Restourante • Gastehuse
Studentebehuisings • Woonstelle
Privaatwonings

www.wishnetworks.co.za
087 805 7480

Woordkuns

Die krag van 'n A5-papier

Maria: 'n Studie in Segmente //.
Toneel. 11 Maart om 13:00.

Oor hierdie aanbieding sê die programgids net dit is 'n "vernuwende produksie" wat teater, tegnologie, visuele kuns, klank, digkuns, beweging en taal inspan. Die teks en regie is deur Rozanne Vos, die klankbaan deur Ruan Vos, die pianis is Charlie Rust en die twee spelers is, volgens die feesgids, Anoecha Krüger en Liezel Swartz.

Produksies, veral as die betrokkenes nie bekend is nie, moet meer inligting gee. 'n A5-velletjie in swart-en-wit sal doen. Maar gee inligting. Wie het wat gedoen? Wie het gesing en kitaar gespeel? Wie se kunswerke is dit?

Ons wou almal weet wie die sangeres was wat saam met die orkes gesing het? Só gee jy nie net erkenning aan die mense op die verhoog nie, maar bemark jy ook almal se loopbane.

Maria: 'n Studie in Segmente // het potensiaal getoon en daar was dele wat sterk was. Dit is duidelik 'n groep jong mense met 'n passie en talent vir die kunste in al sy vorme. Ek sien uit om te sien wat hulle volgende gaan doen. – Ilza Roggeband

Die liefde se pyn in poësie bepeins

Die Heel Mooiste Afrikaanse Liefdesgedigte. Woordkuns. Drosty-teater. 11 Maart om 17:00.

"En kyk: 'n verliefde digter wat swyg: Dit, my liefste, dit is uniek." Met apologie aan Daniel Hugo is dit hierdie reël wat seker sentraal staan in die produksie *Die Heel Mooiste Afrikaanse Liefdesgedigte*.

Nog deur al die tye was dit onteenseglik die liefdesgod Eros wat meestal muse gespeel het vir alle digters, skrywers, harp-spelers, dramaturge en ander slawe van die hartstog. Die samesteller, Fanie Olivier, het reeds in 1986 besef Afrikaanse digters kon allermens immuun staan teen hierdie affliksie, en verlede jaar het die vyfde weergawe van sy gelyknamige liefdesgedigte die lig gesien.

Vir Juanita Swanepoel, die samesteller en regisseur van hierdie produksie met Ira Blanckenberg en Waldemar Schultz in die rolverdeling, was daar dus handvol ryke stof om mee te werk.



Waldemar Schultz en Ira Blanckenberg bekyk die liefde met poësie maar sonder Hallmark-vertoon. FOTO: NATALIE GABRIELS

'n Mens tref twee ou geliefdes in die kombuis aan waar sy strammerig met die kos doenig is terwyl hy (blykbaar oudergewoonte) met sy neus in 'n hoop boeke sit. Die twee bepeins die halfwegstop van hul liefde sonder Hallmark-vertoon en soetsappigheid.

Verse en versreëls vorm die grondslag van hul dialoog terwyl hulle worstel met al die liefde se fasette – die eerste lawwigheid, die hofmakery, die lyflikheid, die fantasie, verlange en verlies. Hulle wonder of dit alles tog die moeite werd was, en of hulle enigsins nog hulself in die

skifels van hul identiteit kan herken.

Die teks is knap aanmeekaar geweeft en daar is soomlose oorgange tussen die gedigte en versreëls. 'n Mens moet egter verlief neem daarmee dat die ou meesters meestal naamloos en onaangekondig deur die dialoog fluister, want die gedigte word gefragmenteer tot dialoog opgedis.

Swanepoel kry dit nietemin reg om die twee se verhaal logies en chronologies uit te beeld – van die sorgelose begin tot die voorspel tot die skeiding.

Die produksie is 'n viering van die liefde, ja, maar so ook die viering van Afrikaanse digkuns wat iets so amorf soos die liefde al in soveel verse en frases kon kerf.

Blanckenberg en Schultz beeld hul karakters uit met al die nugterheid van twee mense wat mekaar reeds jare lank soos rivierklippe glad slyp. Daar is oomblikke van venyn, maar dan ook die sagste teerheid.

En érens tussen-in vind jy altyd die liefde.

– Anna-Retha Bouwer



Oude Libertas Amphitheatre Stellenbosch

Messiah: G.F. Händel

10 & 11 Maart 20:15



**Met Magdalene Minnaar (sopraan)
Minette Du Toit- Pearce (alt), Given Nkosi (tenoor)
Thato Bachona (bas), Zorada Temmingh (orrel)
Libertas koor (vergroot) o.l.v. Prof. Johan De Villiers
& saamgestelde orkes o.l.v. Jürgen Schwietering**

Besprek @ : 021 809 7473
h/v Adam Tas & Libertas St, Stellenbosch

Computicket: 0861 915 8000
www.oudelibertas.co.za

Blik op Cussons se lewe werk tog

Hemp van Vlam. Klassieke musiek. Fisser. Mōre om 14:00, 11 Maart om 14:00.

Die samesteller van die produksie, Pieter Cilliers, beskryf Sheila Cussons (1922–2004) in sy programnotas as 'n "groteske, verminkte mens" nadat sy beseer is in 'n gasontploffing in haar huis in Barcelona, Spanje. 'n Mens sou 'n gefolterde vrou verwag, maar Cilliers sê haar sjarre het hom oorrompel. Hy het Cussons se sielkundige geword met haar terugkeer uit Europa in 1981.

In *Hemp van Vlam* word van Cussons se gedigte saamgeweeft om 'n blik op haar lewe en die trauma van die brand te bied. Hendrik Hofmeyr het die gedigte getoonset en die produksie word as 'n "mono-drama" beskryf.

Op die verhoog is Cusson se kunswerke en 'n bed, terwyl beligting die gehoor help om die gebeure te volg. Agter die klavier is José Dias, Visser Liebenberg speel klarinet, en die mezzosopraan Jolene McClelland sing die liederes en speel Cussons op die verhoog.

Soos die lewe, is die musiek soms hoogs dramatiese, dan soet, soms suur en by tye speels. Klavier en klarinet is gedurig in gesprek, terwyl die stem soms teen die grein gaan.

Hofmeyr se liederes is deurgaans boeiend en toeganklik, hoewel dit ook by tye uitdagende luisterwerk

is. Maar daardie balans tussen maklik luisterbaar en intellektueel prikkelend is net reg om aanklank te vind by 'n breë gehoor.

Die liederes pas McClelland se stem heel goed – daar is iets dramatiese en terselfdertyd liries aan haar stem. Tog is daar soms te min variasie in kleur in haar sang en sy is geneig om al die hoë note hard uit te basuïen. Die vertolking sou kon baat by meer genuanseerde sang. Haar toneelspel het goed gehelp om die liederes te vertolk en die verhaal as geheel uit te beeld.

Dias se begeleiding is sensitiëf, veral omdat hy die sangstem waarskynlik so goed verstaan.

Liebenberg se klarinet spel is indrukwekkend – hy is uiters musikaal en skep 'n warm klank, wat veel doen om Hofmeyr se klankwêreld vir die gehoor te openbaar.

Hoewel die verhooguitbeelding, onder regie van Niël Rademan en met verhoogontwerp deur Lindi-Heila Smit uiteraard bydra tot die gehoor se verstaan van Cussons as mens en die uitbeelding van belangrike oomblikke in haar lewe, sou *Hemp van Vlam* ewe goed kon werk as bloot 'n konsertuitvoering.

Dit sou dalk help om 'n mens se aandag op die teks en musiek gevestig te hou. Maar die produksiespan se idee was om 'n mono-drama te skep en as sulks werk dit tog.

– Wayne Muller

Gehalte! Maar waar was die mense?

Reflecting the Seasons en Dizu Plaatjies & Ibuyambo. Gister.

Toe ek 14 jaar gelede as eerstejaar-musiekstudent by die Konservatorium se deure ingestap het, het ’n groot deel van my musikale opvoeding en konsertervarings rondom die Endlersaal sentreer. Dit is waar ek, en ek is seker verskeie ander, van die verrykendste musiekooimblikke ooit gehad het.

As ’n mens terugdink, is daar momente wat uitstaan. Die eerste keer dat ek Beethoven se Negende Simfonie in ’n konsertsaal gehoor het, was in die Endler. Die onge-looflike musici wat jaarliks optree by die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees, die Nordic Voices, Harmonic Brass, en vele ander, was alles in die Endler en

het blywende indrukke gelaat.

Op 7 Maart by die Woordfees het nog twee konserte definitief top-status in my konsertranglys verwerf: die Tim Kliphuis Jazz Trio saam met die US Camerata in ’n konsert wat hulle noem *Reflecting the Seasons*, en ook Dizu Plaatjies saam met sy groep Ibuyambo.

Tim Kliphuis se trio bestaan uit die Nederlander Tim Kliphuis (viool), die Skot Roy Percy (kontrabas) en die Ier Nigel Clark (kitaar). Dit klink bietjie soos die begin van ’n swak grap: “ ’n Nederlander, ’n Skot en ’n Ier loop by ’n bar in...” maar dis allesbehalwe.

Die trio, wat al tien jaar saam speel, fokus op improvisasie, so geen konsert wat hulle uitvoer klink ooit dieselfde nie. Hulle het destyds begin met gypsy jazz,

maar het deur die jare verskillende musiekstyle uitprobeer met bewonderenswaardige sukses.

Reflecting the Seasons is hul interpretasie van Vivaldi se *Vier Seisoene*. En in ’n sekere sin wil ek Vivaldi se weergawe hiervan vir eers agter laat, want dié improvisasies, tesame met die verwerkings vir strykkorke, is meer as opwindend – dis gryp-jou-aan-die-kraag-en-laai-jou-nie-los-nie verbysterend. Dit is wat konserte moet wees: Musikaal bevredigend, vermaaklik, en iets wat musiek in nuwe rigtings stuur.

Later die aand het Dizu Plaatjies, die bekende Afrika-musiek-historikus wat bekend is vir sy groep Amampondo, met sy huidige groep Ibuyambo opgetree.

Ek voel ek wil ’n preek hier

afsteek, maar ek preek vir myself ook. Want hoe op dees aarde kan ’n konsert van hierdie gehalte so min mense lok? Die saal was nie eens ’n vyfde vol nie, en die helfte hiervan was skoolkinders wat met busse aangery is.

Ons land is op ’n plek waar sulke ervarings meer noodsaaklik is as ooit tevore. Ons hoor so dikwels dat mense sê musiek is ’n bindende faktor wat mense nader aan mekaar bring. Ja, dit is, maar om so amper-amper al die woorde van “Shosholoz” te ken, is nie genoeg nie. ’n Musiekervaring soos hierdie kan vir mense, veral Stellenbosse wit mense, wêreld ontsluit wat jy nie weet bestaan nie. En jy hoef gewoonlik nie ver te soek om dit te kry nie. Jy kon dit sommer in die Endlersaal kry!

Die groep het musiek uit verskillende streke van Sub-Sahara-Afrika gespeel op instrumente soos tromme, uhadi’s en xilofone, met sang en dans tussenin geweef.

Die ervaring was nie soos ’n akademiese oefening in ’n Afrika-musiek 101-klas nie. Dit is ’n afgeronde produksie en Ibuyambo was bloot ’n groep kunstenaars wat musiek uitvoer waaroor hulle passievol voel. Mense in die klein gehoor het saam gedans, geklap en gesing, en singend die Endlersaal verlaat. In ekstase.

Ek is baie dankbaar ek kon destyds net-net ’n kaartjie kry om Beethoven se Negende Simfonie in die Endlersaal te hoor, maar dit is tyd dat die Ibuyambo’s van Suid-Afrika ook vol Endlersale trek. – Naudé van der Merwe

Bosch is bos op Bos al is sy (kontra)basis in VK

Die kontrabasspeler **Leon Bosch** tree vanjaar by die Woordfees op as dirigent in twee konserte. Hy vertel aan **Wayne Muller** meer oor dié nuwe rigting in sy musiekloopbaan.

Metamorfose. Klassieke musiek. Endler. Vandag om 20:00.

Leon Bosch se lewensverhaal lees soos een van onwaarskynlikhede – ’n jong man wat op die Kaapse Vlakte grootgeword het en deur apartheid opdraand gegee is tydens sy tersiêre opleiding, maar wat vandag een van die voorste kontrabasspelers in die wêreld is.

Hy het grootgeword in die onstuimige 1970’s in die Kaap, wou regte studeer, maar die landswette het hom dit ontnem. Hy kon aan die Universiteit van Kaapstad musiek studeer. En vandag is hy – en musiekgehoore – sekerlik bly die reg se verlies was musiek se wins.

Ná sy studies het Engeland hom ’n tuiste gebied en dit is daar waar hy al meer as 30 jaar woon en waar hy dekades lank lid is van die befaamde Academy of St. Martin in the Fields, wat onder leiding van sir Neville Marriner staan.

Voor dit was hy as hoofspeler verbonde aan die Manchester Camerata, die East of England Orchestra en die London Mozart Players. Oor tyd het hy al meer bekend geword as solis, met heelwat komponiste wat werke spesiaal vir hom en sy besonderse virtuositeit skryf.

In Suid-Afrika tree hy deesdae al meer gereeld op – talle kere reeds op die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees, en nou is hy op die US Woordfees om die US Camerata in twee konserte, *Metamorfose* (vandag) en *Moment in a Life*



Leon Bosch. FOTO: GUY MAYER

(reeds verby), te dirigeer.

Dirigeerkuns is sy nuwe pad, sê Bosch, maar dit beteken nie hy skuif sy sololoopbaan opsy nie. “Dit was sir Neville wat my aangespoor het om hierdie nuwe rigting in te slaan nadat ek St. Martin in the Fields verlaat het. Hy was oortuig dit sou my goed pas en ek moet sê hy was reg. Dirigeer is nou die middelpunt van my musikale aktiwiteite, maar ek het nog nie die kontrabas neergesit nie,” vertel Bosch.

Sir Neville is inderdaad ook oortuig dat Bosch wel sy instrument vir die dirigierstok sal verruil. “Daardie oomblik het nog nie aangebreek nie, want daar is nog soveel wat ek wil bydra. Heelwat komponiste skryf steeds nuwe werke vir my en ek het ’n verantwoordelikheid om dit te speel. Natuurlik is ek ook baie lief vir speel,” sê Bosch.

Benewens dirigeer, fokus hy ook nou op sy nuwe kamermusiekensemble, I Musicanti, wat ten doel het om minderbekende repertoire te speel.

In die konsert *Metamorfose*

is Richard Strauss se “Metamorphosen” op die program – ’n werk wat Bosch al voorheen as speler ontdek het, maar nou as dirigent met nuwe oë na kyk.

“Ek het dit saam met baie dirigente en instrumentale leiers al gespeel, en dis regtig ’n vreugde dat ek uiteindelik die kans kry om my eie visie vir hierdie werk te kan ontwikkel.”

Dan voeg hy by dat hy onlangs hierdie stuk se wiskundige dimensies van sy instrumentbesetting ontdek het – dit gaan oor priemgetalle: 5 elk van eerste en tweede viole, altviole en tjello’s; en 3 kontrabasse. En die totale getal instrument is 23 – ook ’n priemgetal.

In *Moments in a Life* verklank die komponis Matthijs van Dijk die lewe van die anti-apartheidsaktivis Denis Goldberg. Oor dié werk sê Bosch: “Dit is ’n roerende stuk musiek waarin Van Dijk die lewensverhaal van Goldberg so goed belig in musiek wat wespreekend is.”

Tog is dit nie net die musiek in hierdie konsert wat hom so aangryp nie, maar ook die geleentheid om saam met die US Camerata te werk.

“Die Camerata se uitkyk op die lewe is een van vreugde. Alles wat hulle doen, pak hulle met soveel toewyding en entoesiasme aan.”

Ná die Woordfees is Bosch weer op pad terug na Engeland toe, maar hy bly optimisties dat daar spoedig weer ’n geleentheid vir hom sal wees om in sy geboorteland op te tree.

“Niks sal my meer plesier verskaf as om meer gereeld in Suid-Afrika te kan optree nie.”

MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet ’n gourmet piekniek op ons historiese plaaswerf.

www.spier.co.za

1692
Spier

NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.

Klassieke musiek

‘Dis altyd oos wes, tuis bes’

Die pianis Megan-Geoffrey Prins keer terug na Stellenbosch, waar hy skoolgegaan en studeer het, om in twee konserte op die US Woordfees te speel. **Wayne Muller** het hom daarvoor uitgevra.

Dis is reeds vier jaar dat die Amerikaanse stad Cleveland ’n tuiste is vir Megan-Geoffrey Prins. Die 26-jarige pianis ken van sakke pak en trek vir musiek se onthalwe – die gebore Riversdaller het hoërskool in Stellenbosch kom doen om klavierlesse by die US Konservatorium te neem, en ná sy studies moes hy dié dorp vir Cleveland, Ohio, verruil.

“Cleveland is ’n kultuurryke stad – daar is die Cleveland Museum of Art en natuurlik die beroemde Cleveland Orkes. Dit beteken baie beroemde kunste-naars, soos Lang Lang en Yuja Wang, besoek Cleveland gereeld. Op die oomblik voel Cleveland soos ’n tydelike tuiste, maar ek is baie gelukkig hier,” sê hy vanuit Amerika.

Prins studeer tans daar aan die Cleveland Institute of Music (CIM) en is besig met ’n doktorsgraad in uitvoerende kunste. Sy leermeester, onder wie hy ook sy meestersgraad voltooi het, is Antonio Pompa-Baldi, wat al meermale in Stellenbosch en Kaapstad kom optree het.

“Pompa-Baldi is fantasties. Dit is my vierde jaar onder hom en ek begin die vrugte pluk van die afgelope paar jaar se werk saam met hom. Ek sien uit na die res van ons tyd saam,” sê Prins.

Reeds op elfjarige ouderdom het hy sy concerto-debuut gemaak, en daarna het hy met al die land se groot orkeste opgetree. Boonop het hy al wat belangrike plaaslike kompetisie is, gewen, en ook internasionale pryse losgeslaan.

Prins se mees onlangse seges sluit in die eerste prys én spesiale pryse by Unisa se 120ste Herdenkingskompetisie, wenner van die



“ Ek het hierdie concerto laas gespeel toe ek so nege of tien jaar oud was. Dit was die eerste werk wat ek in die Endlersaal gespeel het.

Megan-Geoffrey Prins. FOTO: STEFAN ELS

eerste Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfeeskompetisie, asook wenner van die vyfde Unisa Nasionale Klavierkompetisie.

Cleveland hou hom besig. “Ek speel gereeld as solis en kamer-musikus vir die ‘Stars in the Classics’-reeks hier. Ek doen ook gereeld gemeenskapsdienskonser

te vir CIM se uitreikprogram, asook vir die Cleveland Internasionale Klavierkompetisie se ArtsConnect-reeks,” vertel Prins.

“Dan speel ek ook konserte soos CIM se Pianofest, wat Pompa-Baldi vanjaar aangebied het. En onlangs het ek ’n concerto saam met ’n plaaslike strykkorke gespeel

– Mendelssohn se Klavier-en-Vioolkonsert, waarvoor ons ’n baie nice resensie in die Cleveland Classical gekry het.”

Op die US Woordfees tree Prins in twee konserte op – ’n solo-uitvoering én ’n concerto-optrede. Vir die solokonsert speel hy Beethoven se Waldstein-sonate,

die 78-jarige Amerikaner Frederic Rzewski se Winnsboro Cotton Mill Blues, en daarby ses etudes uit Sergei Lyapounov (1859 tot 1924) se Transcendental Etudes.

“Ek het die Lyapounov gekies omdat ek dit vir my volgende doktrale konsertprogram gaan speel. Die musiek is fantasties en die etudes het titels soos ‘Die dans van die spoke’, ‘Carillon’ en ‘Somersnag’. Dan, die Waldstein is ’n baie gewilde stuk wat ek saam met die gehoor kan geniet. Ek het die Rzewski-stuk gekies want ek wou ’n Amerikaanse werk aanleer en die historiese agtergrond van hierdie werk het my gefassineer,” verduidelik hy.

Saam met die US Camerata, onder leiding van Leon Bosch, speel Prins Mozart se Klavierkonsert No.12 in A majeur, K.414.

“Ek het hierdie concerto laas gespeel toe ek so nege of tien jaar oud was. Dit was die eerste werk wat ek in die Endlersaal gespeel het saam met die Hugo Lam-brechts-orke onder oorlede Leon Hartshorne se leiding. So, dit is nogal ’n spesiale geleentheid vir my,” sê Prins.

Om weer in sy geboorteland op te tree, is veral spesiaal.

“Ek sien altyd uit om in Suid-Afrika te speel, want die gehore is baie verwelkomend en dit is lekker om die vele bekende gesigte te sien. En natuurlik is oos wes, tuis bes,” mymer hy.

*** Metamorfose. Klassieke Musiek. Endler. Vanaand om 20:00.**
*** Megan-Geoffrey Prins Solo-klavieruitvoering. Klassieke Musiek. Endler. 12 Maart om 11:00.**

Bêre julle fone, kla die tannie by ‘Fiela’

Fiela se kind. Toneel. Stadsaal. Vandag om 10:00 en 15:00.

Eerste dinge eerste. By *Fiela se Kind*, soos met verlede jaar se produksie van die stuk, was daar ’n magdom skoliere in die gehoor. Dit is duidelik dat *Fiela se Kind* ’n voorgeskrewe werk is en dat hierdie bywoning ’n uitstappie is en moontlik vir van die kinders die min kere is wanneer hulle ’n teaterproduksie gaan bywoon.

Wonderlik. Laat die kinders kom. ’n Nuwe generasie teatergangers word gebore en hopelik sal baie van hulle wil weer en weer kom, ook wanneer hulle volwassenes is.

Is hierdie dan nie die ideale geleentheid om vir hulle teateretiket te leer nie? Kan iemand nie voor die tyd op die verhoog stap en verduidelik van selfone en popcorn en saggies tussenin gesels



Shaleen Surtie-Richards

nie? Duidelik help die stem vooraf wat dit sê sweet blou boggerôl.

Hoe anders gaan die kinders leer dat selfs wanneer die dekor op die verhoog verskuif word, dit jou nie ’n kans gee om te kyk of iemand jou Facebook-post gelike het nie? In die tweede helfte ná pouse het van hulle (omtrent een in elke ry) nie eens ’n geheim daarvan gemaak dat hulle met hul selfone doenig is nie. En aan die jong blondine wat langs my gesit

Wen kaartjies!

Drie lesers kan elkeen ’n dubbelkaartjie wen na Fiela se kind in die Stellenbosse stadsaal vandag om 15:00. Om deel te neem aan Lefra Produksies se kompetisie, SMS die volgende na 33000: LEFRA FIELA INK, dan JOU NAAM EN VAN, en dan JOU STAD OF DORP. Dieselfde inligting kan ook per e-pos gestuur word aan wen@lefra.com met LEFRA SE FIELA KOMPETISIE as onderwerp. Wenners sal telefonies gekontak word en die **beslissing is finaal. SMS’e kos R1,50 elk.**

het: Tannie is jammer ek het jou laat skrik toe ek gesê het jy moet nou die chips bêre.

Ewenwel. Terug na vanjaar se



Jaime du Toit

produksie van *Fiela se Kind*.

Shaleen Surtie-Richards het al voorheen gesê sy het Fiela finaal gegroet, dat dit ’n rol is wat sy nooit weer sal speel nie. Maar nooit is ’n lang tyd en sy keer terug na die rol wat haar op die verhoog en later in die fliek bekend gemaak het en ’n welkome terugkoms is dit belis. Sy is die rots van die produksie en die gehoor, jonk en oud, het ná die tyd soos een man opgespring om haar toe te juig.

Hierdie produksie van die Daleen Matthee-treffer was met tye oordramaties, veral wat die spel aanbetref. Dit het amper die gevoel gehad van skole- of amateurteater in die 1970’s. Ook die musiek – selfs dele uit *The Mission* is gebruik – was nie altyd geslaagd nie. Die stel het egter goed gewerk en die produksie het gevloei.

Terug na die jong mense in die gehoor wat darem nie nét uitgeskel moet word nie. Wat ’n plesier was dit nie om te hoor hoe hulle hulself met ’n “oe” en “aa” en ’n hoorbare intrek van asem in die produksie inleef nie. Surtie-Richards is nie die enigste een wat luid toegejuig is nie. Phillru van Achterbergh, wat die rol van die ouer Benjamin/Lukas gespeel het, is gecheer asof hy Justin Bieber homself is.

Lank lewe die teater. Sit net volgende keer jul selfone af.

– **Ilza Roggeband**



Joan Hambidge gister in gesprek by The Trumpet Tree, 'n restaurant op Stellenbosch. FOTO: NATALIE GABRIELS

Literêre reus wat bly soek

Joan Hambidge vier 60. The Trumpet Tree. Gister.

Etienne Bloemhof spot in die opening van sy gesprek met Joan Hambidge dat ons nou al vir die afgelope ses maande Joan se 60ste vier. Sy het immers al op 11 September verlede jaar 60 geword.

Maar ses maande is miskien wat nodig is om haar hele oeuvre te dek. Want 'n uur was duidelik te min om Joan se lewe en werk op te som. Nietemin is van die hoogtepunte van haar florerende loopbaan en lewe aangeraak, en sy het ook 'n paar gedigte voorgelees. Ná haar eerste voorlesing sê sy: "Dis maar 'n swak gedig daai."

Mense lag ongemaklik.

Maar Joan is nie skaam oor hierdie stelling nie. Sy voel dat 'n mens se smaak en menings verander en dis nou maar so. Want sy het 'n broertjie dood aan

digters wat werk herpubliseer en dan daaraan karring.

"Mens kan nooit 'n bundel anders aanpak as wat jy hom aangepak het nie. Selfs 'n jong gedig het 'n soort sjarme wat 'n mens moet eer," sê sy.

Joan onderbreek vir 'n oomblik haar en Etienne ("die Fred Astaire en Ginger Rogers van die Afrikaanse letterkunde") se praatjie, draai om en maak die mense in die restaurant stil wat duidelik nie hier is vir die Woordfees nie. Hulle lyk ietwat geskok, maar dis Joan wat praat, so hulle luister gedwee en eet saggies verder.

Sy vertel van haar kinderdae, haar pa wat in versekering gewerk het en hoe hulle baie rondgetrek het, hoe sy in die kerkhof en begraafplaas op Aliwal-Noord gespeel het en dit een van die redes is waarom sy altyd kerkhowe besoek as sy in groot

internasionale stede kom. Sy praat oor hoe sy op "Anneline Kriel se dorp", Witbank, gewoon het, R5 in 'n gedigkompetisie gewen het toe sy 12 was en hoe dit in *Die Vaderland* gepubliseer is, en hoe sy eindelik aan die Hoërskool Standerton gematrikuleer het.

Etienne vra uit oor haar studentedae, hoe sy 'n meesters- en 'n doktorgraad verwerf het.

"Twee doktorsgrade," korriëer sy hom op haar unieke, tong-in-die-kies maar ernstige manier. Een met Elize Botha as promotor, een met André P. Brink en een met Henning Snyman, nie onbekende name nie.

Sy het eers werklik poësie begin skryf toe sy 25 was, "en soos jy weet het niemand my nou nog stilgekry nie".

"Die digter wat die sleutel in my gedraai het was TT Cloete. Toe ek *Angelliera* gelees het."

DJ Opperman, met sy Letterkundige Laboratorium, het ook 'n groot impak op haar werk gehad.

Die gesprek draai uiteraard ook by haar liefde vir reis. Baie van die voorblaaie vir van haar bundels is ook foto's wat sy self geneem het. Sy vertel hoe sy as jong vrou alleen gereis het, en mense hul wenkbroue gelig het, want dit is nie wat dames gedoen het nie. Sy vertel stories van haar tyd in Suid-Amerika en Hongkong en jy verwonder jou oor al die ervarings wat sy al gehad het.

In só 'n gesprek voel 'n mens aan die een kant sy is 'n intellektuele reus met 'n enorme literêre kennis, en sy is nie skaam om 'n mens bewus te maak van daardie kennis nie.

Aan die ander kant is sy toeganklik, self-deprecating en steeds soekend. Maar altyd skrywend.

– Naudé van der Merwe

ink

Redakteur

Jacolette Kloppers

(jacolettekloppers@gmail.com)

Uitgewer

Hannelie Cronjé

Bladuitleg en produksie

Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs

Susan Booyens

Marchelle van Zyl

Fotografe

Nardus Engelbrecht

Natalie Gabriels

Skrywers

Jo-Ann Floris

Marina Griebenow

Herman Lategan

Wayne Muller

Ilza Roggeband

Lynné Schoeman

Naudé van der Merwe

Produksie-assistent

Marietjie Booyens

US WOORDFEES

Woordfees-kantoor

Adres: Erfurthuis, Ryneveldstraat 37, Stellenbosch. Navrae: Bel die feeskantoor by 021 886 5036 of besoek www.woordfees.co.za. Besoek die Woordfees se Facebook-blad by <https://www.facebook.com/woordfees/>

Adverteer NOU in ink
Bel 083 303 6117

'n Elektroniese weergawe van Ink is ná 14:00 beskikbaar op Netwerk24.

NETWERK24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND
www.netwerk24.com

NETWERK24

Sake en Sauvignon

met Theo Vorster

www.netwerk24.com



Kom **luister, dink** en **gesels** saam oor beleggingsbesluite by ons Diskoers-gesprekreeks.

📍 **Bloekomhoek** ⌚ **13h00 -14h00**

📅 **8 Maart 2017**

Finansiële onafhanklikheid – wanneer het ek genoeg?

📅 **9 Maart 2017**

Wanneer en hoeveel moet ek oorsee belê?

📅 **10 Maart 2017**

Hoe maak ek beleggingsbesluite in onseker tye?

R50 te koop by Computicket | R60 by die ingang. Kaartjies sluit 'n glas Sauvignon blanc in. GRATIS toegang vir Netwerk24-intekenare, bespreek deur 'n epos te stuur aan sakegesprek@netwerk24.com

Lees die jongste INK en al ons U.S. Woordfees inhoud daagliks op Netwerk24.com

Spys en drank

Alternatiewe kaas-en-wynproe. Leefstyl. Die Khaya. 5 Maart om 12:00.

Daar lê hulle, netjies in ’n vierkant op ’n swart stuk graniet. Hulle kyk jou aspris uitdagend aan, want hulle weet jy weet nie mooi wat om met hulle te maak nie.

Ja, jy het al baie keer korte mette met hulle gemaak, hulle tussen jou tande gemaal, nie altyd omgee nie. Hulle was net iets om ’n laataand-honger te stil.

Jy wil wegkoes, maar in gelid agter hulle staan vier glase – twee wit, twee rooi. Hulle sien die onsekerheid in jou oë en die rooies kry sommer so voor jou oë ’n dieper kleur van genoegdoening. Die twee wittes kry so ’n windgat-sprinkel, ek sweer.

Hulle weet – saam is hulle ’n gedugte span, ’n kaas-en-wynleek se moses.

Toe, net toe ek my bangheid agter ’n suf grappie wil wegsteek (who moved my cheese), toe kom twee vreeslose ridders. Oukei, die een het ’n voorskoot aangehad, maar al wat dit vir my beteken het, was “that he meant business”.

Die ander een, met die baard, het vir my eweneens laat vertrou ek hoef nie te vrees nie, want ’n mens kon mos sommer sien hy ken van.

Kaaskenades, dit was close. Kan ’n mens al iets kry om te drink?

Die een met die baard is toe Bennie Howard, bemarkingsbestuurder van die Meerendal-wynlandgoed, maar by die Woordfees op Stellenbosch het hy die hoed opgesit as ondervoorsitter van die Veritas-wynkompetisie.

Langs hom, gesig net-net sigbaar tussen keps, baard en voorskot, staan Bertus Basson, sjef ekstraordinaire – eienaar van die restaurante Overture, Bertus Basson at SpiceRoute en Spek & Bone in Stellenbosch. En binnekort volg sy vierde – Bertus Basson at the Ritz in Seepunt.

En daar begelei die twee ons behendig deur die ongewone kaas-en-wynproe. Geen voorskrifte, net leiding.

Proe elke wyn met die vier verskillende kase – bokmelk, camembert, brie en bloukaas. Besluit selfs watter wyn bring die beste smaak in die kaas uit.

Elke mens het maar sy voorkeure oor wyn – maar los vandag



Bertus Basson (ver)lei besoekers deur ’n doolhof van wyn en kaas. FOTO’S: NATALIE GABRIELS



Die heerlikste kase en wyne is met mekaar versoen.

die voorkeure en proe net, beveel Bennie aan.

Reg, ek is nog by. Maar toe begin die twee kosstories te vertel, so tussendeur.

“Oorspronklik is kaas en sjerrie

saam geniet,” vertel Bennie.

“Nou ja, dan het die mense die kaas geëet, want hulle dog dit gaan keer dat hulle dronk raak.”

Wit en rooi wyne met kaas is ’n relatief nuwe ding.

“Nota aan self: Kies jou sidekick by sulke geleenthede beter.

“As parmesaan die koning van kase is, is brie beslis die koningin,” brei Bertus uit.

Ons draf deur die wyne: chardonnay met sy citrus- en houtgeure; chenin blanc met sy rosyntjie-agtige karakter. Dit hang vir twee weke langer en dit dra by tot die geure van marmalade en heuning.

Die bordeaux met sy vrugtegeure (dink aan ouma se vrugtekoek) en die shiraz wat ruik en proe na speserye – peperagtig vermeng met die geure van bessies.

Nog ’n ding: Hoe minder ryp die kaas, hoe minder smaak het dit, so hulle stel voor jy laat jou kaas so ’n paar weke rus. Oorsee het mense blykbaar – soos wynkelders – ook kaaskamers waar die kase ongesteund kan verouder.

Terwyl die kaas en wyn saam saam op die tong kom lê, vertel Bertus ons moet kos eet waar dit vandaan kom.

“Moenie gaan soesji bestel in die Karoo nie – bestel die vleis uit die streek.”

Dit laat hom dink aan liplek-ker-soutribbetjies.

“Gooi net bietjie sout op die lamsribbetjies. Hang dit buite en gaan kerk toe – dit moet so hang dat die wind lekker deur kan speel, dit so bietjie droogwaai.

“Dan braai jy dit so rustig, stadig – so een en ’n half uur oor die kole.”

Dis min of meer hier waar ek die pad byster geraak het. Stories oor lamsribbetjies het nogal daai uitwerking op my.

Toe kan ek nie onthou watter wyn nou saam met watter kaas geproe is nie, maar ek dink toe nogal die rooiwyne sal goed kan maats maak met die soutribbetjies.

Johan Ehlers, uitvoerende hoof van Agri-Expo, was ook daar. Hulle het in 1833 die heel eerste wynskou in Suid-Afrika aangebied, and still going strong.

As ek naby hom gesit het, kon ek by hom afgeloer het of raad gevra het, maar toe sit hy te ver en dit sou sleg lyk om oor twee tafels heen vir hom te skree.

Nou is daar net die hoop en ’n laaste poging om waardigheid te behou. Ek loer toe maar af by my tafelgenoot Craig Williams, ’n student. Maar hy weet toe nog minder.

Nota aan self: Kies jou sidekick by sulke geleenthede beter.

Toe maak Bertus dit erger, want hy vertel sy beste maaltyd as hy saans ná ’n harde dag by die huis kom, is bikkoms en whisky.

Wat? Dis reg, die man het gesê bikkoms en whisky.

Ek sluk dankbaar aan my wyn – sommer almal van hulle, want almal proe nou soveel lekkerder. Die kaas is lankal heen – het toe nooit kans gekry om te verouder op my bord nie.

Maar die soete smaak van nuwe kennis oor bikkoms, kaas en wyn lê behaaglik op die tong.

– Jo-Ann Floris

‘Deeg wat rys is net honderde poepies’

Mareli Visser Bak Brood. Leefstyl. Die Khaya. Gister om 10:00.

Sy kan nie verstaan dat mense so bang is vir die pers pakkie nie, het Mareli Visser, wenners van *Koekedoor* in 2015, by haar brood-demonstrasie gesê.

“Moenie bang wees nie, dis net gis,” het sy gesê. “Wanneer my broer se kinders vir my vra hoe dit werk, dan verduidelik ek dit so: Die giskorreltjies is goggatjies. Jy moet hulle kos gee soos meel en

ook water om te drink, suiker en heuning vir poeding. Dan begin die goggatjies aan die meel vreet en dan begin hulle poep en dan rys die deeg. So, deeg wat rys is eintlik net honderde poepies.”

Visser is baie vermaaklik, maar sy het verskeie wenke gehad en ook meer vertel van haar nuwe boek, *Uitgerys*, wat onlangs verskyn het. In die boek is daar verskeie hoofstukke soos “Brood vir Brekvis”, “Bolletjies, Rolletjies en Stokkies” en “Brode wat Pronk”.

“Hierdie boek wys alles wat jy moet weet van brood bak,” het sy gesê. “Ook wat om te doen met daardie deeghaak wat saam met jou elektriese menger gekom het en wat nog altyd in die kas lê.”

Sy het verduidelik hoe mens moet knie – “bene uitmekaar, vou deeg en druk. Vou weer oormekaar en druk. Draai die deeg. Herhaal. Knie tot die gluten ontwikkel is en wanneer jy die deeg rek, jy amper daardeur kan sien. Deeg moet aan die sagte kant wees, nie soos speelklei nie. Deeg

rys mooier as hy bietjie natter is.”

Op die koop toe was daar sommer ’n raad oor waatlemoen.

“Ek weet dit het nou niks met brood te doen nie, maar wanneer jy ’n waatlemoen koop, kies die lelikste een. Die een met die geel kol wat gebrand het omdat die waatlemoen in die son gelê het. Hulle is die soetste. Ek sal weet, my pa was ’n waatlemoenboer.”

Lus ek nou ’n stukkie varsgebakte brood, botter en waatlemoenkonfyt.

– Ilza Roggeband



Mareli en Tannie Poppie. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Wilde wegholtreffer ontembaar

Wild. Toneel. Hoërskool Cloeteville. 11 Maart om 10:00 en 12 Maart om 13:00 en 17:00.

Die vooruitsig van 'n nuwe drama uit die pen van Philip Rademeyer is genoeg om die bloed te laat bruis. Die toneelstuk waarmee hy aanvanklik die oog en oor gevang het, *The View*, het 'n diep indruk gelaat op diegene wat die voorreg gehad het om dit te kon sien. Trouens, heelwat van hulle verwys vandag nog baie passievol daarna as een van hul gunstelingproduksies nóg. Dit was dus verblydend toe daar by die eerste opvoering van *Wild* met Albert Pretorius (Bennie/Wag), Tinarie van Wyk Loots (Vlooi/Annelise) en Joanie Combrink (Magda) nie plek vir 'n muis was in die Hoërskool Cloeteville-saal nie. Dis tog jammer van die paar muis wat laat ingestrompel het en een of twee ander wat nie hul verknogtheid aan hul selfone kon beteel nie.

Bennie, 'n polisieman op 'n klein dorpie, ontdek 'n wilde jong vrou wat oënskynlik as kind aan haar lot oorgelaat en deur honde grootgemaak is. Sy beskik nie oor taal nie en kan gevolglik nie kommunikeer nie. Omdat sy soos 'n hond blaf, handeвиervoet loop, kos van die grond af eet en dies meer, doop Bennie haar Vlooi. Hy sit haar in 'n hok en begin haar in die geheim "mak" maak. Intussen doen hy spurwerk en kom af op 'n vrou wat moontlik Vlooi se ma kan wees.

Magda keer ná baie jare terug na haar geboortedorp en Bennie vind stelselmatig antwoorde op die talle tergende vrae wat ontstaan het met die ontdekking van die jong



Bennie (Albert Pretorius) probeer vir Vlooi (Tinarie van Wyk Loots) tem in Wild. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

vrou. Die antwoorde is egter nie noodwendig wat hy wou hoor nie en konflik ontstaan tussen hom en Magda oor die manier waarop Vlooi, ofte wel Annalise soos Magda haar noem, gerehabiliteer moet word. Belangriker nog is die wrywing wat ontstaan tussen Bennie se eie begeertes en die beswil van sy beskerming. 'n Tragiese uiteinde lyk bykans onafwendbaar.

Rademeyer gee ook leidrade wat die spanning laat toeneem, waaronder Bennie wat grappen derwys noem dat die dorpsmeisies sê hy wil altyd "te veel, te vinnig" hê en Magda wat aandrang dat die "waarheid troebel" is.

Rocco Pool se stelle vir *The Father* en *A Doll's House* het onlangs aan hom twee Fleur du Cap-benoemings besorg. Hy is Rademeyer se keuse om gestalte te gee aan die wêreld wat die karakters van *Wild* bewoon.

'n Reuse-staalkok oorheers die verhoog en dis waar die meeste van die tonele afspeel. Wat oorbly, word gebruik vir die interaksie tussen Bennie en Magda.

Van Wyk Loots lewer verbluffende spel as die wilde jong vrou. 'n Mens ken haar as 'n toegewyde akteur wat nie 'n bang haar op haar kop het nie. Boonop is haar veelsydigheid, diepsin-

nigheid en fokus legendaries. 'n Mens hoef net haar spel in *Wild* te vergelyk met haar rol in *Hemelruim* wat die einde van die maand by die Fugard-teater open om voorafgaande punt te bewys. Iemand het onlangs opgemerk dat Van Wyk Loots met haar optrede in laasgenoemde die kroon by Sandra Prinsloo oorgeneem het as die voorste aktrise van haar generasie. Met hierdie vertolking bevestig sy net dié stelling.

Sowel Pretorius as Combrink moet uiters genuanseerd speel sodat 'n mens nie te gou agter die kap van die byl kom nie. Hulle doen dit uitmuntend en vind

steun in Rademeyer se knap teks. Combrink se voordrag van haar monoloë oor die geheimenisse van die kosmos sal 'n mens nog lank bybly. Soos 'n kollega tereg opmerk terwyl ons uitstap: "Sy is nou maar net eenmaal 'n briljante stemkunstenaar, dié Joanie."

Wild is 'n waardige toevoeging tot die Rademeyer-stal. 'n Mens wil voorspel dat dit op alle Afrikaanse feeste 'n wegholtreffer gaan wees; Dit is werklik waar meesleurende teater. Dalk is een van die hoofstroomteaters ook slim genoeg om hierdie produksie aan te koop. Hulle sal nie spyt wees nie!

– Marina Griebenow

Mamre is kleinkuns met 'n groot hart

Mamre. Kabaret en konsert. Drosdty-teater. Môre om 21:00 en 12 Maart om 17:00.

Niet soos so baie soortgelyke dorpie in die Wes-Kaap is die Morawiese Sendingdorp Mamre waarskynlik maar soos daardie kitsch afbeeldings van "de brede en de smalle weg" wat ons as kinders so goed geken het. Die probleem op sulke plekke is gewoonlik dat te veel vrome dorpenaars meen hulle is op "de smalle weg", reguit op pad hemel toe, maar intussen skreeu hul dade "de brede weg" luid genoeg dat die berge antwoord gee.

Dylan, baie knap vertolk deur Whaden Johannes in sy professionele verhoogdebuut, is pastoor Arendse se seun. Bedags help hy sy pa om die kerk skoon te maak en gereed te kry vir die eredienste; snags klim hy deur die vensters van die moederkamer en help homself aan die kerk se goed, somer net omdat hy kan.



Whaden Johannes en Liesel Harris-Kruger in Mamre.

FOTO: NATALIE GABRIELS

Die res van die tyd bring hy deur saam met sy vriendin Tarra (Liesel Harris-Kruger) wat hom bekend stel aan "show tunes" uit bekende musiekblyspele. Snags

moet sy egter die ongere aandag van haar slegding van 'n pa, Jan Doppies, verduur, en Dylan raak al hoe meer vasbelote om die situasie te beredder. Tarra droom

van Duitsland en Hollywood, maar Dylan meen sy het 'n veilige huis en opregte, onvoorwaardelike liefde meer nodig.

Op 'n dag kom roep sy maat Ernst hom om die lyk te kom kyk van Koning Dawid, 'n boemelaar wat onder die brug tussen sy hope Louis L'Amour-boeke vermoor is. Op Koning Dawid se lyk ontdek Dylan 'n antwoord op Tarra se probleme, aan hom gegee deur die Here, of altans so glo hy. En hy gaan oor tot aksie.

Nico Scheepers, regisseur, skrywer en ontwerper van *Mamre*, het reeds talle pryse ontvang vir van sy ander tekste, waaronder *Rooivalk* asook *Amper*, *Vrystaat*, waarvan hy 'n medeskrywer was. *Mamre* is 'n sjarmante storie vol empatie en eklektiese en eksentrieke karakters (nie almal noodwendig op die verhoog nie), maar eenvoudiger in sy aanbieding as Scheepers se ander werk.

Scheepers is ook 'n bekroonde ontwerper. In *Mamre* is die dekor

'n eenvoudige sirkel van kerse in veelkleurige glase wat die spel omgrens – waarskynlik na aanleiding van die muur om *Mamre* waarna die jongmense verwys. Verder is daar net die klavier waarop Tarra speel.

Die regisseur is boonop verantwoordelik vir die musieknommers wat die aksie moet toelig. Die melodieë is eenvoudig – niks noodwendig fout daarmee nie – maar dis onopvallend en terloops. 'n Mens wil waag om te sê dat die toneelstuk ewe goed sou vaar sonder die musiek. Die storie is sterk genoeg. Johannes het 'n aantreklike stem wat hy met vrug inspan, met Harris-Kruger wat hom goed aanvul en ondersteun.

Mamre is kleinkuns met 'n groot hart.

Daarom sal jy ook nie somer weer verby die "Welcome to Mamre"-teken kan ry sonder dat jy 'n onverklaarbare begeerte voel om op die dak te gaan dans nie.

– Marina Griebenow

DStv
Premium



DRIE KAN 'N GEHEIM HOU AS TWEE DOOD IS

SARA SE GEHEIM

BEGIN DINSDAG 11 APRIL

20:00

kykNET.TV #SARASEGEHEIM

kykNET
KANAAAL 144